~~VERTROULIK~~
~~CONFIDENTIAL~~

MN 3

HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVO

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUTE FOR MANPOWER R

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

WERKGELEENTHEDE WAT AS GEVOLG VAN BOU- EN KONSTRUKSIEBEDRYWIGHEDE IN BOPHUTHATSWANA ONTSTAAN

# NAVORSINGSBEVINDING * RESEARCH FINDING

001.3072068 HSRC MN 3

Klasnr./Class No. | Registernr./No.
001.3072068 HSRC MN 3 | 39835/7
RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
BIBLIOTEEK
LIBRARY
HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

39835

E NAVORSING

WERKGEI EDRYWIGHEDE
VA ONTSTAAN

C.P. Wolmarans, M.A.

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING
Direkteur : W.Verhoef

PRETORIA
1973

Navorsingsbevinding M-3

0001079573

001.3072068 HSRC MN 3
*107957*

2844363866

1978 -10- 27
39835
7
BESTELNOMMER
9

INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | AGTERGROND EN DOELSTELLING | 1 |
| 2 | DIE ONDERSOEK | 1 |
| 2.1 | Omskrywing van bou- en konstruksiebedrywighede | 1 |
| 2.2 | Instansies wat bou- en konstruksiebedrywighede onderneem | 2 |
| 2.3 | Veldwerk | 4 |
| 2.4 | Vraelys | 4 |
| 3 | BEROEPSVERDELING VAN BANTOES | 4 |
| 3.1 | Beroepe deur Bantoes beoefen | 4 |
| 3.2 | Beroepsverdeling van Bantoes volgens beroepskategorie en werkgewersektor | 6 |
| 3.3 | Vakatures vir Bantoewerknemers | 8 |
| 4 | BEROEPE DEUR BLANKES BEOEFEN | 8 |
| 5 | LOONSTRUKTUUR VAN BANTOEWERKNEMERS | 10 |
| 5.1 | Gemiddelde loon volgens beroep en werkgewersektor | 10 |
| 5.2 | Totale en gemiddelde loon volgens werkgewersektor | 13 |
| 6 | KWALIFIKASIEVEREISTES | 14 |
| 7 | OPLEIDINGSBEHOEFTES | 15 |
| 8 | SLOTOPMERKINGS | 16 |
| | BYLAE : VRAELYS | |

TABELLE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 3.1 | BEROEPE DEUR BANTOES BEOEFEN | 5 |
| 3.2 | BEROEPSVERDELING VAN BANTOES VOLGENS BEROEPSKATEGORIE EN WERKGEWERSEKTOR | 7 |
| 3.3 | VAKATURES VIR BANTOEWERKNEMERS IN DIE OWERHEIDSEKTOR | 8 |
| 4.1 | BEROEPE DEUR BLANKES BEOEFEN | 9 |
| 5.1 | GEMIDDELDE LOON VAN BANTOEWERKNEMERS VOLGENS BEROEP EN WERKGEWERSEKTOR | 11 |
| 5.2 | TOTALE LOON VAN BANTOEWERKNEMERS VOLGENS WERKGEWERSEKTOR | 13 |
| 6.1 | KWALIFIKASIEVEREISTES WAT AAN BANTOEWERKNEMERS GESTEL WORD | 15 |
| 7.1 | OPLEIDINGSBEHEOFTES VAN BANTOEWERKNEMERS | 16 |

## 1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Die Regering het in 1973 die Clark-komitee aangestel, met die spesifieke opdrag om die behoeftes aan tegniese opleiding in die Bantoe=tuislande en grensgebiede te bepaal. Hierdie komitee het dringend behoef=te aan syferkundige inligting, veral volgens beroep, en het besluit om hierdie inligting op 'n sektorale basis in te win.

As eerste sektor is die sekondêre nywerheid gekies, omdat hierdie nywerheid die grootste indiensnemer van tegnies opgeleide personeel is. Die RGN, wat sitting in hierdie komitee het, het dan ook aktief meegehelp om die syferkundige inligting aan die komitee beskikbaar te stel. Opnames is in die Tuislande in samewerking met BENBO onderneem en sekondêre nywer=hede in al die groeipunte is besoek. Die belangrikste hiervan was Butterworth, Umtata en Babelegi. In sekere sin was hierdie ondersoeke 'n voortsetting van die opnames van werkgeleenthede in die Tuislande wat ge=durende 1967/1968 deur die RGN onderneem is.

Die volgende groot skepper van werkgeleenthede is die bou- en kon=struksiebedrywighede in die Tuislande. Die RGN is gevolglik versoek om die werkgeleenthede wat as gevolg van hierdie aktiwiteite ontstaan, te bepaal. Hierdie opname was tot Bophuthatswana beperk maar sal later ook tot sommige ander Tuislande uitgebrei word.

Die doel met die ondersoek is dus om die aard en omvang van werkge=leenthede in die bou- en konstruksiebedrywighede in Bophuthatswana te bepaal.

## 2 DIE ONDERSOEK

### 2.1 OMSKRYWING VAN BOU- EN KONSTRUKSIEBEDRYWIGHEDE

Die bou- en konstruksiebedrywighede wat in Bophuthatswana aan die gang is, kan in die volgende hoofgroepe verdeel word:

(a) <u>Dorpstigting</u>

Bouwerk wat met dorpstigting gepaard gaan, sluit die bou van woonhuise, skole, klinieke, hospitale, gemeenskapsale en ander oplei=dingsinrigtings in. Die lewering van dienste soos water- en elektrisiteits=voorsiening en riolering vir dorpsgebiede kan ook by hierdie kategorie in=gedeel word.

(b) Infrastruktuurskepping

Die vernaamste infrastruktuurskepping wat ten tye van die ondersoek in Bophuthatswana plaasgevind het, was die bou van toegangspaaie na verskil= lende sentrums. Konstruksiebedrywighede wat ook by hierdie kategorie inge= sluit kan word, is die maak van damme en ander landbou-ingenieurswerke.

(c) Die oprigting van nywerheids- en handelsgeboue

Hierdie geboue word hoofsaaklik in bestaande nywerheidsgebiede in die Tuisland opgerig.

Soos uit voorgaande gedeelte blyk, het die bou- en konstruksiebe= drywighede wat die ondersoekveld van hierdie projek uitmaak, slegs op nuwe werke betrekking. Werkgeleenthede wat uit die instandhouding van bestaande geboue of ander strukture voortspruit, val dus buite die bestek van hierdie ondersoek. Daar is egter gevind dat in sommige gevalle dieselfde werkers vir bou- en konstruksiebedrywighede sowel as vir instandhoudingswerk ge= bruik word. In sulke gevalle is die betrokke werkgeleenthede wel by die opname ingesluit.

Werkgeleenthede wat as gevolg van bou- en konstruksiebedrywighede ontstaan maar nie direk daarmee verband hou nie, byvoorbeeld dié by steen= makerye en sandwerke, is ook by die opname ingesluit. Die vereiste is egter gestel dat hierdie aktiwiteite deur dieselfde instansies onderneem moet word as dié wat vir die bou- en konstruksiebedrywighede verantwoordelik is, en nie as 'n onafhanklike onderneming bedryf moet word nie.

## 2.2 INSTANSIES WAT BOU- EN KONSTRUKSIEBEDRYWIGHEDE ONDERNEEM

Bou- en konstruksiebedrywighede in Bophuthatswana word hoofsaaklik deur die volgende instansies onderneem:

(a) Die Departement van Werke van die Tswana-regeringsdiens

Die Departement van Werke is hoofsaaklik met dorpstigting en die lewering van dienste binne dorpsgebiede besig. Die Departement onderneem ook die bou van paaie en strate sowel as verskillende landbou-ingenieurs= projekte. Die genoemde werke word hoofsaaklik deur die Departement se eie werknemers onderneem en slegs in enkele gevalle word van Bantoekontrakteurs gebruik gemaak wat bouwerk op 'n tenderbasis verrig. Die Departement is dan ook die grootste enkele skepper van werkgeleenthede in bou- en konstruk= siebedrywighede in Bophuthatswana.

(b) Die Suid-Afrikaanse Bantoetrust

Die Suid-Afrikaanse Bantoetrust word deur die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling geadministreer. Hierdie instansie se be=trokkenheid by bou- en konstruksiebedrywighede bestaan hoofsaaklik uit die toewysing van fondse en tenders aan ander owerheidsinstansies en private kon=trakteurs, wat dan as agente van die Trust bou- en konstruksiewerk onderneem.

(c) Die Wes-Transvaalse Bantoesake-Administrasieraad

Hierdie Raad is tans besig met die ontwikkeling van die Bantoedorp Itsoseng naby Lichtenburg. Die Stadsraad van Lichtenburg het aanvanklik as agent van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust met die projek begin, maar die hantering daarvan is gedurende 1973 deur die Bantoesake-Administrasieraad oorgeneem. Die Raad onderneem self bou- en konstruksiewerk, maar maak ook in groot mate van Bantoekontrakteurs gebruik.

(d) Die Munisipaliteit van Pretoria

Die Munisipaliteit tree as agent vir die Suid-Afrikaanse Bantoetrust op vir die ontwikkeling van die Bantoedorp Mabopane. Die aktiwiteite wat onderneem word, is hoofsaaklik dorpstigting en die lewering van gepaardgaande dienste. Die Munisipaliteit onderneem self bou- en konstruksiewerk en maak ook in groot mate van Bantoekontrakteurs gebruik.

(e) Die Bantoe-Beleggingskorporasie

Die BBK onderneem tans self geen noemenswaardige bou- en konstruksie=werk in Bophuthatswana nie, maar ken wel tenders toe aan private kontrak=teurs, hoofsaaklik vir die oprigting van nywerheids- en handelsgeboue.

(f) Private Blanke kontrakteurs

Blanke kontrakteurs is met 'n verskeidenheid van bou- en konstruksie=bedrywighede in Bophuthatswana besig. Die aktiwiteite wat onderneem word ressorteer onder al die hoofgroepe van aktiwiteite in paragraaf 2.1 supra genoem, te wete dorpstigting (insluitende die lewering van dienste), infrastruktuurskepping en die oprigting van nywerheids- en handelsgeboue.

(g) Private Bantoekontrakteurs

Tydens die opname is gevind dat 85 Bantoekontrakteurs op 'n tender=basis met bouwerk in Bophuthatswana besig is. Die bouwerk wat onderneem word, is hoofsaaklik die oprigting van woonhuise en skole.

Werkgeleenthede wat ontstaan as gevolg van die bou van private woonhuise, is nie by hierdie ondersoek in aanmerking geneem nie. Dit sou prakties onuitvoerbaar wees om al die plekke waar sodanige bouwerk plaas=vind, op te spoor. In die meeste gevalle word private woonhuise egter deur die eienaars self in hul vrye tyd gebou en daar word dus aanvaar dat geen noemenswaardige voltydse werkgeleenthede deur sodanige bouwerk geskep word nie.

Die oprigting van skole deur stamowerhede is ook nie by die onder=soek ingesluit nie, aangesien dit ook in hierdie geval feitlik onmoontlik is om vas te stel waar, indien wel, sodanige skole gebou word. Die oprig=ting van hierdie skole kom slegs onder die aandag van die owerhede nadat dit reeds voltooi is en die oprigters om 'n subsidie aansoek doen. Daar word egter aanvaar dat ook hierdie bouwerk nie noemenswaardige voltydse werkge=leenthede skep nie.

## 2.3 VELDWERK

Met behulp van inligting wat van beamptes van die Departement van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling, die BBK en die Departement van Werke van die Tswana-regeringsdiens ingewin is, is vasgestel watter instansies bou- en konstruksiebedrywighede in Bophuthatswana onderneem. Veldwerkers van die RGN het die instansies besoek wat sodanige aktiwiteite onderneem en die opname is by die verskillende werkplekke gedoen. Die veldwerk is gedurende die tydperk 17 September tot 3 Oktober 1973 afgehandel. Die in=ligting wat in hierdie verslag verstrek word, weerspieël dus die situasie soos dit gedurende bogenoemde tydperk was.

## 2.4 VRAELYS

Die verlangde inligting is met behulp van 'n vraelys (kyk Bylae) ingewin. Die vraelys is deur die veldwerkers self ingevul.

# 3 BEROEPSVERDELING VAN BANTOES

## 3.1 BEROEPE DEUR BANTOES BEOEFEN

In tabel 3.1 word aangetoon watter beroepe deur onderskeidelik Bantoemans en Bantoevroue beoefen word. Gerieflikheidshalwe is die beroepe in die tabel gerangskik in volgorde van die getal persone wat in elke beroep aangetref is. (Die syfers tussen hakies na elke beroep verwys na die inde=ling van die betrokke beroepe in nege beroepskategorieë wat verder in die verslag as veranderlike gebruik word.)

Uit genoemde tabel blyk dat 5255 persone in die bou- en konstruksie=bedrywighede in Bophuthatswana werksaam is, waarvan 5049 (96,1%) mans en 206 (3,9%) vroue is. Net meer as 70 persent van die mans en 76,7 persent van die vroue is arbeiders. Daar moet op gelet word dat 85 van die mans bou=kontrakteurs is. Hierdie persone is selfgeëmplojeerd en doen bouwerk op 'n tenderbasis.

TABEL 3.1

BEROEPE DEUR BANTOES BEOEFEN

(a) Mans

| Beroep | N | % |
|---|---|---|
| Arbeider (9) | 3542 | 70,2 |
| Messelaar (nie-gesertifiseer) (5) | 284 | 5,6 |
| Vragmotorbestuurder (3) | 122 | 2,4 |
| Skilder (nie-gesertifiseer) (5) | 99 | 2,0 |
| Boukontrakteur (1) | 85 | 1,7 |
| Elektrisiën (nie-gesertifiseer) (5) | 78 | 1,6 |
| Skrynwerker (nie-gesertifiseer) (5) | 73 | 1,5 |
| Betonmengeroperateur (8) | 52 | 1,0 |
| Trekkerbestuurder (8) | 51 | 1,0 |
| Pleisteraar (nie-gesertifiseer) (5) | 49 | 1,0 |
| Loodgieter (nie-gesertifiseer) (5) | 44 | 0,9 |
| Kruiptrekkeroperateur (8) | 43 | 0,9 |
| Elektrisiën (vakleerling) (6) | 42 | 0,8 |
| Padskraperoperateur (8) | 42 | 0,8 |
| Messelaar (gesertifiseer) (4) | 36 | 0,7 |
| Gemotoriseerde kruiwa-operateur (8) | 35 | 0,7 |
| Personeel-, administratiewe klerk (2) | 33 | 0,7 |
| Voorman: Bou-ambagte (7) | 29 | 0,6 |
| Stamperoperateur (8) | 25 | 0,5 |
| Meganiese laaimasjienoperateur (8) | 24 | 0,5 |
| Hamerbooroperateur (8) | 23 | 0,5 |
| Meganiese graafoperateur (8) | 21 | 0,4 |
| Meganiese skropoperateur (8) | 21 | 0,4 |
| Voorman: Elektriese ambagte (7) | 21 | 0,4 |
| Skrynwerker (gesertifiseer) (4) | 20 | 0,4 |
| Oprigter van herings (5) | 19 | 0,4 |
| Magasyn-, pakhuisklerk (2) | 18 | 0,4 |
| Steenmasjienoperateur (8) | 16 | 0,3 |
| Skilder (gesertifiseer) (4) | 13 | 0,3 |
| Voorman: Ander werke (7) | 13 | 0,3 |
| Ruitinsitter (5) | 10 | 0,2 |
| Sweiser (nie-gesertifiseer) (5) | 10 | 0,2 |
| Pleisteraar (gesertifiseer) (4) | 9 | 0,2 |
| Pyplêer (5) | 9 | 0,2 |
| Loodgieter (gesertifiseer) (4) | 8 | 0,2 |
| Lugperspompoperateur (8) | 6 | 0,1 |
| Grofsmid (nie-gesertifiseer) (5) | 4 | 0,1 |
| Hyskraanbediener (8) | 4 | 0,1 |
| Motorwerktuigkundige (nie-gesertifiseer) (5) | 4 | 0,1 |
| Waterpompoperateur (8) | 3 | 0,1 |
| Elektrisiën (gesertifiseer) (4) | 2 | 0,04 |
| Klipbrekeroperateur (8) | 2 | 0,04 |
| Lugbooroperateur (8) | 2 | 0,04 |
| Loodgieter (vakleerling) (6) | 1 | 0,02 |
| Padrolleroperateur (8) | 1 | 0,02 |
| Superintendent van werke (1) | 1 | 0,02 |
| TOTAAL | 5049 | 100 |

(b) Vroue

| | | |
|---|---|---|
| Arbeider (9) | 158 | 76,7 |
| Skilder (nie-gesertifiseer) (5) | 46 | 22,3 |
| Loonklerk (2) | 1 | 0,5 |
| Tikster (2) | 1 | 0,5 |
| TOTAAL | 206 | 100 |

Tydens die opname is gevind dat sommige van die persone na wie in tabel 3.1 as nie-gesertifiseerde ambagsmanne verwys word, deur die werkgewers as halfgeskoolde arbeiders geklassifiseer word. Aangesien die inligting wat met hierdie ondersoek ingewin is onder andere gebruik sal word om opleidingsbehoeftes vir verskillende beroepsgroepe te bepaal, is in alle gevalle vasgestel wat die aard van die werk is wat deur die sogenaamde halfgeskoolde arbeiders gedoen word. Op grond van die aard van hul werk eerder as die indeling wat deur die werkgewers gevolg word, is die betrokke persone dan in die verskillende beroepsgroepe ingedeel.

## 3.2 BEROEPSVERDELING VAN BANTOES VOLGENS BEROEPSKATEGORIE EN WERKGEWERSEKTOR

Die beroepsverdeling van Bantoemans en -vroue word in tabel 3.2 volgens beroepskategorie en werkgewersektor aangetoon. Vir 'n indeling van die verskillende beroepe onder elk van die nege beroepskategorieë, word na die ooreenstemmende syfers tussen hakies na elke beroep in tabel 3.1 <u>supra</u> verwys.

Byna twee-derdes (64,7%) van die mans is in die owerheidsektor werksaam, terwyl net minder as 'n kwart (23,9%) vir private Blanke kontrakteurs werk. Deur die toewysing van tenders vir bouwerk aan Bantoekontrakteurs word 579 werkgeleenthede vir Bantoemans geskep (85 kontrakteurs + 494 werknemers = 579).

In die owerheidsektor maak die getal arbeiders net meer as driekwart (76,1%) van die totale getal werknemers uit, terwyl 67 persent van die Blanke kontrakteurs se werknemers arbeiders is. Die Blanke kontrakteurs maak dus in verhouding in 'n groter mate van geskoolde en halfgeskoolde arbeid gebruik as die owerheidsektor. Van die 579 werkgeleenthede wat deur die toewysing van tenders aan Bantoekontrakteurs geskep word, is 251 (43,4%) vir arbeiders. Die relatief klein getal arbeiders en relatief groot getal ambagsmanne (in verhouding tot die owerheidsektor en Blanke kontrakteurs) wat deur die Bantoekontrakteurs in diens geneem word, kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die aard van die werk waarvoor tenders toegeken word. Die algemene gebruik is dat die Bantoekontrakteurs slegs verantwoordelik is vir die voltooiing van daardie gedeelte van die werk aan geboue waarvoor daar nie veel arbeiders nie maar wel ambagsmanne nodig is. Die uitgrawings vir geboue asook die meng van beton word normaalweg gedoen deur arbeiders wat in diens is van die instansie wat die tenders uitgee.

TABEL 3.2

BEROEPSVERDELING VAN BANTOES VOLGENS BEROEPSKATEGORIE EN WERKGEWERSEKTOR

(a) Mans

| Beroepskategorie | | Owerheid= sektor | | Private sektor: Blanke kontrak= teurs | | Private sektor: Bantoekontrak= teurs | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Besturende uitvoerende en administratiewe werkers | N | 1 | | | | 85 | 14,7 | 86 | 1,7 |
| | % | 1,2 | | | | 98,9 | | 100 | |
| 2 Klerke | N | 49 | 1,5 | 2 | 0,2 | | | 51 | 1,0 |
| | % | 96,1 | | 3,9 | | | | 100 | |
| 3 Vervoerwerkers | N | 84 | 2,6 | 38 | 3,2 | | | 122 | 2,4 |
| | % | 68,9 | | 31,1 | | | | 100 | |
| 4 Gesertifiseerde ambagsmanne | N | 55 | 1,7 | 27 | 2,2 | 6 | 1,0 | 88 | 1,7 |
| | % | 62,5 | | 30,7 | | 6,8 | | 100 | |
| 5 Nie-gesertifiseerde ambagsmanne | N | 243 | 7,4 | 203 | 16,9 | 237 | 40,9 | 683 | 13,5 |
| | % | 35,6 | | 29,7 | | 34,7 | | | 100 |
| 6 Vakleerlinge | N | 43 | 1,3 | | | | | 43 | 0,9 |
| | % | 100 | | | | | | | 100 |
| 7 Voormanne en toesighouers | N | 51 | 1,6 | 12 | 1,0 | | | 63 | 1,3 |
| | % | 80,9 | | 19,1 | | | | 100 | |
| 8 Operateurs | N | 256 | 7,8 | 115 | 9,6 | | | 371 | 7,4 |
| | % | 69,0 | | 31,0 | | | | 100 | |
| 9 Arbeiders | N | 2484 | 76,1 | 807 | 67,0 | 251 | 43,4 | 3542 | 70,2 |
| | % | 70,1 | | 22,8 | | 7,1 | | 100 | |
| TOTAAL | N | 3266 | 100 | 1204 | 100 | 579 | 100 | 5049 | 100 |
| | % | 64,7 | | 23,9 | | 11,5 | | 100 | |

(b) Vroue

| Beroepskategorie | | Owerheid= sektor | | Private sektor: Blanke kontrak= teurs | | Private sektor: Bantoekontrak= teurs | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 Klerke | N | 1 | 0,8 | 1 | 1,6 | | | 2 | 1,0 |
| | % | 50,0 | | 50,0 | | | | 100 | |
| 5 Nie-gesertifiseerde ambagslui | N | | | 33 | 53,2 | 13 | 100 | 46 | 22,3 |
| | % | | | 71,7 | | 28,3 | | 100 | |
| 9 Arbeiders | N | 130 | 99,2 | 28 | 45,2 | | | 158 | 76,7 |
| | % | 82,3 | | 17,7 | | | | 100 | |
| TOTAAL | N | 131 | 100 | 62 | 100 | 13 | 100 | 206 | 100 |
| | % | 63,6 | | 30,1 | | 6,3 | | 100 | |

Die owerheidsektor maak in baie groter mate van Bantoevroue (veral arbeiders) gebruik as die Blanke en Bantoekontrakteurs. Dit is egter opvallend dat die owerheidsektor nie van vroulike ambagslui gebruik maak nie, terwyl 53,2 persent van die vroue in diens van Blanke kontrakteurs en al 13 vroue in diens van Bantoekontrakteurs nie-gesertifiseerde ambaslui (skilders) is.

## 3.3 VAKATURES VIR BANTOEWERKNEMERS

In tabel 3.3 word aangetoon dat daar slegs 15 vakatures vir werknemers in die bou- en konstruksiebedrywighede in Bophuthatswana bestaan. Al hierdie vakatures, waarvan meer as die helfte vir messelaars is, bestaan in die owerheidsektor.

TABEL 3.3

VAKATURES VIR BANTOEWERKNEMERS IN DIE OWERHEIDSEKTOR

| Beroep | Getal vakatures |
|---|---|
| Messelaars | 8 |
| Personeel-, administratiewe klerke | 2 |
| Skrynwerkers | 2 |
| Magasyn-, pakhuisklerk | 1 |
| Motorwerktuigkundige | 1 |
| Arbeider | 1 |
| TOTAAL | 15 |

Volgens woordvoerders van werkgewers in die owerheidsektor kan die relatief klein getal vakatures (slegs 0,3% van die getal gevulde poste) in groot mate daaraan toegeskryf word dat fondse vir bou- en konstruksiewerk in die finansiële jaar 1973/74 aanmerklik besnoei is. Sommige poste wat vakant raak, kan dus as gevolg van 'n gebrek aan fondse nie weer gevul word nie, en sodanige poste word gevolglik nie as vakatures beskou nie. Geen probleme word egter ondervind om kandidate te vind vir poste wat wel weer gevul kan word nie. Die meeste van die 15 vakatures wat wel aangedui is, ressorteer onder daardie poste wat weens 'n gebrek aan fondse en die gevolglike afname in bou- en konstruksiebedrywighede tans nie gevul kan word nie.

Byna al die Blanke kontrakteurs het aangetoon dat die projekte waarmee hulle tans besig is, voltooiing nader, met die gevolglike afname in werknemergetalle. Hierdie kontrakteurs ondervind egter ook geen probleme om vakatures wat in sleutelposte ontstaan, te vul nie.

Die afleiding kan dus gemaak word dat daar tans, behalwe die 5255 gevulde poste, geen noemenswaardige verdere werkgeleenthede vir Bantoes in die bou- en konstruksiebedrywighede in Bophuthatswana bestaan nie.

# 4 BEROEPE DEUR BLANKES BEOEFEN

In tabel 4.1 word aangetoon dat daar 115 Blankes in die bou- en konstruksiebedryf in Bophuthatswana werksaam is.

TABEL 4.1

BEROEPE DEUR BLANKES BEOEFEN

| Beroep | Owerheid= sektor | | Private= sektor: Blanke kontrak= teurs | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| Inspekteur/Superintendent van werke | 43 | 62,3 | 10 | 21,7 | 53 | 46,1 |
| Voorman (alle ambagte) | 15 | 21,7 | 18 | 39,1 | 33 | 28,7 |
| Elektrisiën (gesertifiseer) | | . | 5 | 10,9 | 5 | 4,4 |
| Skilder (gesertifiseer) | 1 | 1,5 | 4 | 8,7 | 5 | 4,4 |
| Ingenieur | 3 | 4,4 | 1 | 2,2 | 4 | 3,5 |
| Skrynwerker (gesertifiseer) | | . | 4 | 8,7 | 4 | 3,5 |
| Magasyn-, pakhuisklerk | 3 | 4,4 | | | 3 | 2,6 |
| Personeel-, administratiewe klerk | 3 | 4,4 | | . | 3 | 2,6 |
| Ketelmaker | | | 2 | 4,4 | 2 | 1,7 |
| Loodgieter (gesertifiseer) | | | 1 | 2,2 | 1 | 0,9 |
| Meganiese graafoperateur | | . | 1 | 2,2 | 1 | 0,9 |
| Motorwerktuigkundige (gesertifiseer) | 1 | 1,5 | | | 1 | 0,9 |
| TOTAAL N | 69 | 100 | 46 | 100 | 115 | 100 |
| % | 60,9 | | 40,0 | | 100 | |

Sestig persent van die Blankes is in die owerheidsektor werksaam en 40 persent is in diens van Blanke kontrakteurs., Slegs Blankes wat direk by die bou- en konstruksiebedrywighede betrokke is, is in die ondersoek betrek. Blanke personeel wat in die hoofkantore van die betrokke instansies werksaam is, is dus uitgesluit. Die personeel van raadgewende ingenieurs wat met die beplanning van en toesig oor sommige projekte gemoeid is, is ook nie betrek nie.

In die owerheidsektor is die verhouding Blankes tot Bantoes sowat 1 tot 49 (69 Blankes teenoor 3397 Bantoes), terwyl die verhouding in die private sektor sowat 1 tot 28 is (46 Blankes teenoor 1266 Bantoes). Daar moet ook in gedagte gehou word dat die Blankes in die owerheidsektor ook verantwoordelik is vir toesig en beheer oor die,werk wat deur Bantoekontrakteurs gedoen word. Die owerheidsektor skep dus, in vergelyking met die private Blanke kontrakteurs, aanmerklik meer werkgeleenthede vir Bantoes as vir Blankes.

## 5 LOONSTRUKTUUR VAN BANTOEWERKNEMERS

Daar kan beswaarlik oor opleidingsbehoeftes vir werknemers besluit word sonder om die werknemers.se loonstruktuur in ag te neem. Wanneer werknemers beter opgelei word, moet voorsiening vir bevorderingsgeleenthede en beter besoldiging ook in gedagte gehou word.

Verskillende werkgewers het tydens die ondersoek aangetoon dat wanneer werknemers beter opgelei word, hulle dikwels gefrustreerd raak as daar nie vir bevordering of beter besoldiging voorsiening gemaak word nie. Hierdie toestand kan tot arbeidsomset by opgeleide werkers lei.

### 5.1 GEMIDDELDE LOON VOLGENS BEROEP EN WERKGEWERSEKTOR

In tabel 5.1 word die gemiddelde weeklikse loon wat Bantoewerknemers in die verskillende beroepe ontvang, volgens werkgewersektor aangetoon. Die lone van slegs werknemers word aangetoon en die inkomste van 85 Bantoekontrakteurs word dus nie in ag geneem nie. Die gemiddelde lone wat aangetoon word, is tot die naaste rand bereken.

Wat manlike werknemers betref, blyk dit dat die gemiddelde weeklikse loon wat Blanke kontrakteurs betaal, vir byna al die beroepe hoër is as die gemiddelde loon wat werknemers in die owerheidsektor ontvang. Die enigste uitsonderings in dié verband is gesertifiseerde skilders en loodgieters, en nie-gesertifiseerde sweisers en elektrisiëns. Werknemers van Bantoekontrakteurs is oor die algemeen swakker daaraan toe wat lone betref as diegene in ooreenstemmende beroepe in die owerheidsektor. 'n Uitsondering in dié verband is nie-gesertifiseerde messelaars. Vroulike arbeiders in die owerheidsektor en in diens van Blanke kontrakteurs ontvang gelyke besoldiging. Die relatief lae loon wat vroulike skilders in diens van Bantoekontrakteurs ontvang, is opvallend.

Die afleiding kan gemaak word dat werknemers in diens van Blanke kontrakteurs oor die algemeen beter besoldig word as werknemers in die owerheidsektor. Werknemers in diens van Bantoekontrakteurs daarenteen word in die meeste beroepe laer besoldig as diegene in die ander werkgewersektore.

TABEL 5.1

GEMIDDELDE LOON VAN BANTOEWERKNEMERS VOLGENS BEROEP EN WERKGEWERSEKTOR

(a) Mans

| Beroep | Owerheidsektor | | Private sektor: Blanke kontrakteurs | | Private sektor: Bantoekontrakteurs | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week |
| BESTURENDE, UITVOERENDE EN ADMINISTRATIEWE WERKERS | | | | | | |
| Superintendent van werke | 1 | 50 | | | | |
| SUBTOTAAL | 1 | 50 | | | | |
| KLERKE | | | | | | |
| Personeel-, administratiewe klerk | 31 | 12 | 2 | 20 | | |
| Magasyn-, pakhuisklerk | 18 | 12 | | | | |
| SUBTOTAAL | 49 | 12 | 2 | 20 | | |
| VERVOERWERKERS | | | | | | |
| Vragmotorbestuurder | 84 | 12 | 38 | 26 | | |
| SUBTOTAAL | 84 | 12 | 38 | 26 | | |
| GESERTIFISEERDE AMBAGSMANNE | | | | | | |
| Elektrisiën | 2 | 25 | | | | |
| Messelaar | 28 | 19 | 2 | 20 | 6 | 15 |
| Pleisteraar | 3 | 16 | 6 | 28 | | |
| Skrynwerker | 12 | 19 | 8 | 21 | | |
| Skilder | 6 | 20 | 7 | 17 | | |
| Loodgieter | 4 | 18 | 4 | 17 | | |
| SUBTOTAAL | 55 | 19 | 27 | 21 | 6 | 15 |
| NIE-GESERTIFISEERDE AMBAGSMANNE | | | | | | |
| Sweiser | 1 | 17 | 9 | 13 | | |
| Elektrisiën | 65 | 12 | 13 | 8 | | |
| Messelaar | 71 | 11 | 60 | 21 | 153 | 14 |
| Pleisteraar | 10 | 10 | 39 | 19 | | |
| Skrynwerker | 37 | 11 | 18 | 22 | 18 | 6 |
| Skilder | 22 | 10 | 49 | 21 | 28 | 6 |
| Loodgieter | 15 | 11 | 11 | 20 | 18 | 5 |
| Grofsmid | 4 | 8 | | | | |
| Motorwerktuigkundige | 3 | 13 | 1 | 22 | | |
| Pyplêer | 6 | 7 | 3 | 15 | | |
| Oprigter van heinings | 9 | 7 | | | 10 | 5 |

/tabel vervolg

TABEL 5.1 VERVOLG

| Beroep | Owerheidsektor | | Private sektor: Blanke kontrak= teurs | | Private sektor: Bantoekontrak= teurs | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week |
| Ruitinsitter | | | | | 10 | 5 |
| SUBTOTAAL | 243 | 11 | 203 | 19 | 237 | 11 |
| VAKLEERLINGE | | | | | | |
| Elektrisiën | 42 | 15 | | | | |
| Loodgieter | 1 | 8 | | | | |
| SUBTOTAAL | 43 | 15 | | | | |
| VOORMANNE EN TOESIG= HOUERS | | | | | | |
| Elektriese ambagte | 21 | 23 | | | | |
| Bouambagte | 18 | 21 | 11 | 26 | | |
| Ander konstruksiewerke | 12 | 18 | 1 | 24 | | |
| SUBTOTAAL | 51 | 21 | 12 | 26 | | |
| OPERATEURS | | | | | | |
| Betonmengeroperateur | 31 | 11 | 21 | 15 | | |
| Trekkerbestuurder | 49 | 10 | 2 | 13 | | |
| Kruiptrekkeroperateur | 41 | 12 | 2 | 32 | | |
| Padskraperoperateur | 39 | 12 | 3 | 20 | | |
| Gemotoriseerde kruiwa= operateur | 14 | 10 | 21 | 14 | | |
| Stamperoperateur | | | 25 | 12 | | |
| Meganiese laaimasjien= operateur | 19 | 12 | 5 | 26 | | |
| Hamerbooroperateur | 15 | 7 | 8 | 9 | | |
| Meganiese skropoperateur | 20 | 12 | 1 | 24 | | |
| Meganiese graafoperateur | 1 | 10 | 20 | 23 | | |
| Steenmasjienoperateur | 16 | 8 | | | | |
| Hyskraanbediener | | | 4 | 18 | | |
| Lugperspompoperateur | 6 | 8 | | | | |
| Waterpompoperateur | 3 | 12 | | | | |
| Lugbooroperateur | | | 2 | 25 | | |
| Klipbrekeroperateur | 2 | 10 | | | | |
| Padrolleroperateur | | | 1 | 30 | | |
| SUBTOTAAL | 256 | 11 | 115 | 16 | | |

/tabel vervolg

TABEL 5.1 VERVOLG

| Beroep | Owerheidsektor | | Private sektor: Blanke kontrakteurs | | Private sektor: Bantoekontrakteurs | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week | N | Loon: Rand per week |
| <u>ARBEIDERS</u> | | | | | | |
| Arbeiders | 2484 | 7 | 807 | 9 | 251 | 5 |
| SUBTOTAAL | 2484 | 7 | 807 | 9 | 251 | 5 |
| GROOTTOTAAL | 3266 | 8 | 1204 | 12 | 494 | 8 |
| **(b) Vroue** | | | | | | |
| <u>KLERKE</u> | | | | | | |
| Loonklerk | | | 1 | 10 | | |
| Tikster | 1 | 10 | | | | |
| SUBTOTAAL | 1 | 10 | 1 | 10 | | |
| <u>NIE-GESERTIFISEERDE AMBAGSMANNE</u> | | | | | | |
| Skilders | | | 33 | 9 | 13 | 3 |
| SUBTOTAAL | | | 33 | 9 | 13 | 3 |
| <u>ARBEIDERS</u> | | | | | | |
| Arbeiders | 130 | 7 | 28 | 7 | | |
| SUBTOTAAL | 130 | 7 | 28 | 7 | | |
| GROOTTOTAAL | 131 | 7 | 62 | 8 | 13 | 3 |

## 5.2 TOTALE EN GEMIDDELDE LOON VOLGENS WERKGEWERSEKTOR

In tabel 5.2 word 'n oorsigtelike beeld van gemiddelde en totale lone volgens werkgewersektor gegee.

TABEL 5.2

TOTALE EN GEMIDDELDE LOON VAN BANTOEWERKNEMERS VOLGENS WERKGEWERSEKTOR

| Werkgewersektor | Mans | | | Vroue | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | Totale loon: Rand per week | Gemiddelde loon: Rand per week | N | Totale loon: Rand per week | Gemiddelde loon: Rand per week | N | Totale loon: Rand per week | Gemiddelde loon: Rand per week |
| Owerheidsektor | 3266 | 27191 | 8,3 | 131 | 920 | 7,0 | 3397 | 28111 | 8,3 |
| Blanke kontrakteurs | 1204 | 14995 | 12,5 | 62 | 503 | 8,1 | 1266 | 15498 | 12,2 |
| Bantoekontrakteurs | 494 | 3953 | 8,0 | 13 | 39 | 3,0 | 507 | 3992 | 7,9 |
| TOTAAL | 4964 | 46139 | 9,3 | 206 | 1462 | 7,1 | 5170 | 47601 | 9,2 |

'n Totale bedrag van R47 601 per week of R2 475 252 per jaar (bereken volgens gemiddelde lone) word betaal aan Bantoewerknemers wat by die bou-, en konstruksiebedrywighede in Bophuthatswana betrokke is. Soos reeds genoem, is die inkomste van die 85 selfgeëmplojeerde Bantoekontrakteurs nie hierby ingesluit nie. Hierdie kontrakteurs se inkomstes wissel van persoon tot persoon en word in groot mate bepaal deur die aard van die werk wat gedoen word. Dit is dus besonder moeilik om 'n gemiddelde inkomstepeil vir hierdie groep te bepaal. 'n Beampte in beheer van 33 Bantoekontrakteurs het egter bereken dat hierdie persone se gemiddelde netto inkomste ongeveer R45 per week is. Die beampte het egter daarop gewys, dat terwyl sommige kontrakteurs met 'n netto wins van R10 per week tevrede is, sommige bogemiddelde kontrakteurs tot sowat R150 per week verdien. Wanneer die bedrag van R45 netto wins per week vir berekeningsdoeleindes aanvaar word, blyk dit dat die 85 Bantoekontrakteurs byna R200 000 per jaar ontvang.

Dit beteken dat die bou- en konstruksiebedrywighede in Bophuthatswana werkgeleentheid vir 5255 Bantoes verskaf teen 'n totale uitgawe van ongeveer R2 675 000 aan lone. Dit kom neer op 'n gemiddelde direkte inkomste van R510 per jaar vir die betrokke Bantoes. Geen byvoordele is in berekening gebring nie.

By die beplanning van nuwe werkgeleenthede in die bou- en konstruksiesektor in Bophuthatswana moet die gemiddelde direkte loonkoste van R510 per jaar per werkgeleentheid in gedagte gehou word. Indien die opleidingspeil van die Bantoes verhoog sou word, sal hierdie bedrag ook hoër word.

## 6 KWALIFIKASIEVEREISTES

Die kwalifikasievereistes wat oor die algemeen aan werknemers in die verskillende beroepskategorieë gestel word, word in tabel 6.1 aangetoon.

Uit die tabel blyk dat skolastiese kwalifikasies nie 'n besondere rol speel by die aanstelling van werknemers in die bou- en konstruksiebedrywighede nie. Van sowat 70 persent van die werknemers, te wete arbeiders, word geen kwalifikasies vereis nie, terwyl slegs ondervinding as vereiste vir 'n verdere sowat 21 persent van die werknemers (nie-gesertifiseerde ambagsmanne en operateurs) gestel word. Die nie-gesertifiseerde ambagsmanne en operateurs word normaalweg uit die arbeiderskorps geselekteer en ontvang dan een of ander vorm van indiensopleiding. Die ondervinding wat as vereiste aan hierdie groepe werkers gestel word, impliseer dus ook 'n mate van indiensopleiding.

TABEL 6.1

KWALIFIKASIEVEREISTES WAT AAN BANTOEWERKNEMERS (MANS EN VROUE) GESTEL WORD

| Beroepskategorie | N | % | Kwalifikasie=vereistes |
|---|---|---|---|
| Superintendent van werke | 1 | , | Vakopleiding |
| Klerke | 53 | 1,0 | St. 6-8 |
| Vervoerwerkers | 122 | 2,4 | Geldige rybewys |
| Gesertifiseerde ambagsmanne | 88 | 1,7 | Vakopleiding |
| Nie-gesertifiseerde ambagsmanne | 729 | 14,1 | Ondervinding |
| Vakleerlinge | 43 | 0,8 | St. 6-8 |
| Voormanne en toesighouers | 63 | 1,2 | Vakopleiding |
| Operateurs | 371 | 7,2 | Ondervinding |
| Arbeiders | 3700 | 71,6 | Geen |
| TOTAAL | 5170 | 100 | |

## 7 OPLEIDINGSBEHOEFTES

In tabel 7.1 word aangetoon watter beroepe deur werkgewers aangewys is as dié waarin werkers beter opgelei behoort te word. Die getal kere wat werkgewers opleidingsbehoeftes vir die verskillende beroepe aangetoon het, is ook in die tabel opgeneem. Met werkgewers word in hierdie verband verwys na indiwidue wat in beheer van die werk aan verskillende projekte of in verskillende gebiede is.

Vyftien werkgewers in die owerheidsektor en 19 Blanke kontrakteurs het die betrokke vraag in die vraelys (vraag 3) waarop hierdie inligting gebaseer is, beantwoord. Vyf werkgewers in die owerheidsektor en 13 Blanke kontrakteurs het aangetoon dat daar nie opleidingsbehoeftes bestaan nie. Die inligting in tabel 7.1 vervat, weerspieël dus die antwoorde van die 10 werkgewers in die owerheidsektor en die 6 Blanke kontrakteurs wat wel van mening was dat hulle werknemers beter opgelei behoort te word. Soos opgemerk sal word, bestaan die grootste behoefte aan opleiding by nie-gesertifiseerde ambagsmanne.

TABEL 7.1

OPLEIDINGSBEHOEFTES VAN BANTOEWERKNEMERS

| Beroepe waarin werkers beter opgelei moet word | Getal werkgewers wat opleidingsbeheoftes aangetoon het | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Owerheidsektor | | Blanke kontrakteurs | | Totaal | |
| | N | % | N | % | N | % |
| Messelaar (nie-gesertifiseerd) | 3 | 18,8 | 3 | 21,4 | 6 | 20,0 |
| Elektrisiën (nie-gesertifiseerd) | 4 | 25,0 | 1 | 7,1 | 5 | 16,7 |
| Skrynwerker (nie-gesertifiseerd) | 1 | 6,3 | 3 | 21,4 | 4 | 13,3 |
| Loodgieter (nie-gesertifiseerd) | 2 | 12,5 | 1 | 7,1 | 3 | 10,0 |
| Voorman | 2 | 12,5 | 1 | 7,1 | 3 | 10,0 |
| Rioolpyplêer | 1 | 6,3 | 1 | 7,1 | 2 | 6,7 |
| Sweiser (nie-gesertifiseerd) | 1 | 6,3 | 1 | 7,1 | 2 | 6,7 |
| Skilder (nie-gesertifiseerd) | - | - | 1 | 7,1 | 1 | 3,3 |
| Werktuigkundige (nie-gesertifiseerd) | 1 | 6,3 | - | - | 1 | 3,3 |
| Alle gevorderde arbeiders | 1 | 6,3 | 2 | 14,3 | 3 | 10,0 |
| TOTAAL | 16 | 100 | 14 | 100 | 30 | 100 |

## 8 SLOTOPMERKINGS

Die ondersoek het aan die lig gebring dat die bou- en konstruksiebedrywighede in Bophuthatswana 'n belangrike verskaffer van werkgeleenthede is. Werkgeleenthede vir 5255 Bantoemans en -vroue word deur hierdie bedrywighede geskep. Sowat 70 persent van genoemde getal werkgeleenthede is vir arbeiders, terwyl nie-gesertifiseerde ambagsmanne die tweede grootste persentasie uitmaak (14,1%). Operateurs maak die derde grootste groep werknemers uit (7,2%).

Skolastiese kwalifikasies speel nie 'n besondere rol by die indiensneming van werknemers in die bou- en konstruksiebedrywighede nie. Dit wil voorkom of ervaring en werkvermoë in die meeste gevalle as belangriker vereistes gestel word. Verskillende peile van skoolopleiding is nodig slegs in daardie beroepe waar dit die agtergrond verskaf vir die bemeestering van die verskillende vakopleidingstoetse.

Werkgewers wat by bou- en konstruksiebedrywighede betrokke is, maak tans in 'n groot mate van indiensopleiding gebruik. Werkgewers in die owerheidsektor het egter aangetoon dat indiensopleiding nie altyd tot sy reg kom nie, omdat hulle nie altyd die personeel en tyd het om werkers behoorlik op te lei nie. Vanweë die feit dat Blanke kontrakteurs oor die algemeen hoër lone betaal (vergelyk paragraaf 5.1 <u>supra</u>) slaag hulle blykbaar in groter mate daarin om opgeleide werkers te bekom.

Dit blyk dat die grootste behoefte aan opleiding bestaan in die beroepe wat deur nie-gesertifiseerde ambagsmanne beoefen word. Hierdie groep werkers vervul 'n belangrike rol in die bou- en konstruksiebedrywighede as hul relatief groot getalle en die aard van die werk wat hulle verrig, in ag geneem word. Die vraag ontstaan dus of daar nie voorrang aan die beter opleiding van hierdie groep werkers verleen behoort te word nie. Wat opera=teurs betref, wil dit voorkom of 'n groter mate van sukses met indiensop=leiding as met formele opleiding bereik sal word, aangesien die aard van die werk hoofsaaklik praktiese ervaring vereis.

Werkgewers in die owerheidsektor is van mening dat indien werkers beter opgelei word, geleenthede vir beter besoldiging en bevordering ter=selfdertyd vir hulle geskep moet word. Probleme word dikwels ondervind dat bekwame opgeleide werkers die owerheidsdiens verlaat omdat hul loon na hul mening onvoldoende is en die private sektor beter besoldiging aanbied.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

PRIVAATSAK X41

PRETORIA

Telefoon : 486562

Navrae : C.P. Wolmarans

P. Hartman

Verwys. Nr. N/2/2/3

**WERKGELEENTHEDE IN DIE BOU- EN KONSTRUKSIE AKTIWITEITE IN DIE TUISLANDE**

☐☐☐☐ Vraelysnommer 1 - 4

1 Datum ______________ ☐☐ 5 - 6

2 Soort besigheid ______________

______________ ☐☐☐ 7 - 9

3 (a) Is daar bepaalde groepe werkers in u diens wat na u mening beter opgelei behoort te word?

Ja ☐

Nee ☐ 10

(b) Indien ja - watter beroepe?

(1) ______________ ☐☐☐☐ 11-14

(2) ______________ ☐☐☐☐ 15-18

(3) ______________ ☐☐☐☐ 19-22

(4) ______________ ☐☐☐☐ 23-26

BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | | |
| PROFESSIONELE BEROEPE | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Argitek | 0000 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Siviele Ingenieur | 0010 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Ander Ingenieurs | 0013 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| BESTURENDE, UITVOERENDE EN ADMINISTRATIEWE WERKERS | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Bestuurder/Superintendent van werke, konstruksie, ens. | 1003 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Tegniese Bestuurder | 1013 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Boukontrakteurs | 1015 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Administratiewe beamptes (en hoof- en senior klerk) | 1021 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Inspekteur van konstruksie, persele, behuising, dreinering | 1022 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Tegniese beheer-, kontrole, ondersoekbeampte (of superintendent) | 1024 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27–30 | 31–32 | 33–34 | 35–37 | 38–40 | 41–42 | 43–44 | 45–46 | 47–49 | 50–52 | 53–55 | 56–58 | 59–60 | | 61–63 | 76–77 |

Projek Nr. M 32 | 78–80

## BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | |
| KLERKE | | | | | | | | | | | | | | | |
| Boekhouer | 2001 | | | | | | | | | | | | | | |
| Kassier, betaalmeester | 2002 | | | | | | | | | | | | | | |
| Magasyn-, stoorklerk | 2010 | | | | | | | | | | | | | | |
| Personeel-, administratiewe klerk | 2012 | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| VERVOER, AFLEWERING EN KOMMUNIKASIE | | | | | | | | | | | | | | | |
| Motorbestuurder | 4015 | | | | | | | | | | | | | | |
| Vragmotorbestuurder | 4016 | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | |
| AMBAGSMANNE, VAKLEERLINGE, NIE-GESERTIFISEERDE AMBAGSMANNE | | | | | | | | | | | | | | | |
| Sweiser (gesert.) | 6008 | | | | | | | | | | | | | | |
| Sweiser (vakleerling) | 6108 | | | | | | | | | | | | | | |
| Sweiser (nie-gesert.) | 6208 | | | | | | | | | | | | | | |
| Elektrisiën (gesert.) | 6030 | | | | | | | | | | | | | | |
| Elektrisiën (vakleerling) | 6130 | | | | | | | | | | | | | | |
| Elektrisiën (nie-gesert.) | 6230 | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27–30 | 31–32 | 33–34 | 35–37 | 38–40 | 41–42 | 43–44 | 45–46 | 47–49 | 50–52 | 53–55 | 56–58 | 59–60 | 61–63 | 76–77 |

Projek Nr. M 32 | 78–80

# BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in die onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | | |
| Messelaar (gesert.) | 6040 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar (vakleerling) | 6140 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar (nie-gesert.) | 6240 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar/Pleisteraar (gesert.) | 6041 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar/Pleisteraar (vakl.) | 6141 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Messelaar/Pleisteraar (nie-gesert.) | 6241 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Timmerman/Skrynwerker (gesert.) | 6042 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Timmerman/Skrynwerker (vakl.) | 6142 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Timmerman/Skrynwerker (nie-gesert.) | 6242 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Skilder (gesert.) | 6043 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Skilder (vakleerling) | 6143 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Skilder (nie-gesert.) | 6243 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Loodgieter (gesert.) | 6044 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Loodgieter (vakleerling) | 6144 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Loodgieter (nie-gesert.) | 6244 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| VOORMANNE EN TOESIGHOUERS | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Elektriese ambagte | 7002 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Bou ambagte | 7003 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27-30 | 31-32 | 33-34 | 35-37 | 38-40 | 41-42 | 43-44 | 45-46 | 47-49 | 50-52 | 53-55 | 56-58 | 59-60 | | 61-63 | 75-77 |

| Beroepe in die onderneming | | Getal persone indiens by u onderneming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifikasievereiste per beroep | | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | | |
| OPERATEURS EN HALFGESKOOLDE WERKERS | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Betonmengeroperateur | 8301 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Gemotoriseerde kruiwa-operateur | 8302 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Hyskraanbediener | 8303 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Mobiele hyskraanbediener | 8304 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Stamperoperateur | 8305 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Hamerbooroperateur | 8306 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Padskraperoperateur | 8307 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Padrolleroperateur | 8308 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Meganiese skropoperateur | 8309 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Meganiese graafoperateur | 8310 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Meganiese laaimasjienoperateur | 8311 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kruiptrekkeroperateur | 8312 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Pyplêer | 8351 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Steierwerker | 8352 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Dakwerker | 8354 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Opsigter van heinings | 8355 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Ruitinsitter | 8356 | | | | | | | | | | | | | | | |
| Trekkerbestuurder | 8801 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27–30 | 31–32 | 33–34 | 35–37 | 38–40 | 41–42 | 43–44 | 45–46 | 47–49 | 50–52 | 53–55 | 56–58 | 59–60 | | 61–63 | 76–77 |

Projek Nr. M 32 78–80

BESTAANDE BEROEPE

| Beroepe in die onderneming | | Getal persone indiens by u onderne=ming vir elke beroep | | | | | | Vakatures per beroep | | Gemiddelde lone per week | | | | Minimum kwalifi=kasiever=eiste per beroep | | Kaart no. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Blank | | Bantoe | | Ander | | | | Blank | | Nie-Blank | | | | |
| | | Man | Vrou | Man | Vrou | Man | Vrou | Blank | NB | Man | Vrou | Man | Vrou | | | |
| ARBEIDERS<br>Arbeiders | 9000 | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| ANDER BEROEPE | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | |
| Kolom nr. | 27–30 | 31–32 | 33–34 | 35–37 | 38–40 | 41–42 | 43–44 | 45–46 | 47–49 | 50–52 | 53–55 | 56–58 | 59–60 | | 61–63 | 76–77 |

Projek Nr. M 32 | 78–80

39835